



DIE HOËRSKOOLO WONDERBOOM GODSDIENSBELEID

Die Beheerliggaam van Die Hoërskool Wonderboom het ingevolge die bepaalde artikel van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en die Nasionale Wetsontwerpbeleid op Godsdienst en Onderwys soos gepubliseer in die Staatskoerant van 23 Junie 2003 (nr 916) die volgende beleid ten aansien van Godsdienst en Godsdienstonderrig goedgekeur:

1. Woordomskrywing

In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken:

1) Beheerliggaam

Die Beheerliggaam van die skool soos voorsien in artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) .

2) Grondwet

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) .

3) Skoolhoof

Die hoof van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook 'n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die Beheerliggaam namens die skoolhoof handel.

4) Regulasies

Die regulasies oor die toelating wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad in die provinsie Gauteng afgekondig is.

5) Skool

Die Hoërskool Wonderboom

6) Godsdienstbeleid

Die Godsdienstbeleid in hierdie dokument vervat.

2) Uitgangspunt en basis

Die uitgangspunt en basis van die godsdienstbeleid is dat volle effek gegee word aan al die fundamentele regte van leerders en van hulle ouers en in onderwysverband soos erken in die handves van Menseregte in hoofstuk 2 van die Grondwet.

3) Godsdienstbeleid onderhewig aan ander wetlike bepalings: Uitleg van die Godsdienstbeleid

3.1 Die Godsdienstbeleid is onderhewig aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), seksie 3(4) van die Nasionale Onderwysbeleidswet (nr 27 van 1996), die Nasionale Wetsontwerpbeleid op Godsdienst en Onderwys soos gepubliseer in Staatskoerant van 23 Junie 2003, (nr 916), die Wet op Skoolonderwys van die Provinsie Gauteng (1996) en die toepaslike Regulasies wat geldiglik ingevolge hierdie Wet gemaak, vir sover die vermelde bepalings bindend op die skool en die Beheerliggaam is.

- 3.2 Die godsdienstebeleid word so uitgelê dat dit met ander toepaslike en geldige reëlsbepalings oor godsdienste in onderwys versoenbaar is.
- 3.3 Sonder om die algemeenheid van artikel 2.1 te beperk, is dit die uitgangspunt van die godsdienstebeleid van die skool dat die beste belange in onderwysverband van die leerders van die skool gedien moet word en dat daar nie op enige relevante grond onbillik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

4) Godsdienste by die skool

- 4.1 Die skool aanvaar 'n Mono-Religieuse godsdienstepraktyk omdat die ouers en leerders hulle demokraties ten gunste daarvan uitgespreek het (Wetenskaplike opname van Communicon: 1996: 97% van ouerbevolking ten gunste van Christelike Onderrig: Opname onder leerders ten opsigte van kerkverband in 1998: Bevestig voorgenoemde persentasie).
- 4.2 Behoudens die bepalinge van die godsdienstebeleid van die skool, is hierdie 'n Christelike skool wat glo in God Drie-enig: God die Vader, Jesus Christus ons Verlosser, en die Heilige Gees.
- 4.3 Die skool word elke dag in die naam van die Here geopen deur middel van Skriflesing en gebed in die personeelkamer en tydens 'n byeenkoms waar al die leerders van die skool in die vierkant vergader. Personeel en leerders kry volgens 'n program geleentheid om voor te gaan tydens hierdie seremonie.
- 4.4 Aan die einde van die dag word daar deur 'n lid van die Skoolbestuurspan afgesluit oor die interkom nadat afkondigings gelees is.
- 4.5 Elke Dinsdag vind daar 'n Saalopening plaas by welke geleentheid lede van die skoolbestuur of 'n geestelike leier van 'n Christelike kerk die week se verrigtinge op 'n plegtige wyse open met Skriflesing, 'n toepaslike boodskap en gebed. Hierdie predikers is verteenwoordigend van die denominasies van die leerdersamestelling van die skool en kom vanuit die breë voedingsgebied van die skool.
- 4.6 Die topbestuur van die skool monitor die verrigtinge persoonlik.
- 4.7 Onderrig in die klas vind plaas met die aanvaarding dat elke vak in die konteks staan van die Godgeskape werklikheid, en dat onderrig Skriftuurlik verantwoordbaar moet wees.
- 4.8 Alle aksies by die skool moet voldoen aan die norme en waardes soos verwoord in die heilige Skrif: Die Bybel.
- 4.9 Leerders wat nie met die godsdienstebeleid akkoord gaan nie mag 'n skriftelike versoek via hul ouers rig om nie die godsdienstige deel van byeenkomste by te woon nie. Dieselfde reëling geld ten opsigte van Bybelonderrig.

5) Meningsopname

Ten minste een keer in drie jaar word daar 'n meningsopname gemaak om te bepaal wat die skoolgemeenskap se siening is in terme van Christelike onderrig, en wel na afloop van die Beheerliggaamverkiesing.

6) Deelname aan bogenoemde aktiwiteite

In ooreenstemming met die betrokke wetgewing sal daar **nie** teen enige leerder gediskrimineer word op grond van sy godsdienstige oortuiging nie. Die skool verwag dat leerders die godsdienstige deel van die saalopening bywoon, maar leerders wat nie daaraan wil deelneem op grond van hul godsdienstige oortuiging nie, se ouers moet die hoof skriftelik daarvan in kennis stel.

GOEDKEURING

AANBEVEEL DEUR SKOOLHOOF: (naam en van)	MNR MARIUS LEZAR	HANDTEKENING:	
DATUM:			
GOEDGEKEUR DEUR BEHEERLIGGAAM- VOORSITTER: (naam en van)	MNR GM JANSEN VAN RENSBURG	HANDTEKENING:	
DATUM:			
GEKONTROLEER DEUR GDO: (naam en van)		HANDTEKENING:	
DATUM GEKONTROLEER:			
GESERTIFISEER DEUR: (naam en van)		HANDTEKENING:	
DATUM:			